higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 4

(11020334)

4 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

320Q1N2004

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 Hierdie bestuursbenadering neem die organisasie as geheel, in plaas van afsonderlike entiteite, in ag.

A Menslike verhoudings
B Kwantitatiewe
C Stelsel
D Gebeurlikheid

1.2 Werknemers in hierdie afdeling identifiseer en ontleed die sterkpunte en swakhede van ’n besigheid, en reageer op geleenthede en bedreigings in die sake-omgewing.

A Aankope
B Bemarking
C Finansies
D Menslike hulpbronbestuur

1.3 … is ’n voorbeeld van indirekte koste wat met vervoer in die algemeen geassosieer word.

A Omgewingskoste
B Depresiasie
C Onderhoud
D Brandstof

1.4 ’n Gelaaide voertuig wat die regtelike beperkings in terme van afmetings oorskry.

A Hysplan
B Abnormale vrag
C Loonvrag
D Gevaarlike goedere

1.5 ’n Voorbeeld van radio-aktiewe materiaal

A Oorkussings
B Paraffien
C Suurstof
D Kernbrandstof

Kopiereg voorbehou

1.6 Die menslike, finansiële, toerusting- en inligtingshulpbronne wat nodig is vir die produksie van goedere en dienste

A terugvoer
B uitset
C inset
D transformasieproses

1.7 KMIE staan vir …

A Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom
B Maatskappye vir Kommissie en Intellektuele Eiendom
C Kommissie vir Koöperasies en Intellektuele Eiendom
D Komitee vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom

1.8 Watter tipe vervoer is die meeste geaffekteer deur internasionale reisbeperkings as gevolg van die Covid-19-pandemie?

A Passasierspoor
B Lugvervoer
C Pyplyne
D Kabelbane

1.9 ’n Voertuig/kombinasie van voertuie kan abnormaal wees in terme van ...

A enjinvermoë
B vervaardiger
C kleur
D lengte

1.10 Die mees geskikte vervoer oor riviere en berge

A spoor
B bote
C kabelbane
D taxi’s

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 Daar is net twee elemente in ’n oop-stelsel benadering.

2.2 Prosedures verskaf spesifieke instruksies om ’n taak uit te voer.

2.3 Private geleide personeel het geen regsmagtiging om ander verkeer te beheer nie.

2.4 Vervoernoodkaarte verskaf omvattende inligting oor ’n spesifieke chemiese produk.

2.5 Vervoerkoste word dikwels na verbruikers deurgegee.

2.6 Alle besighede, ongeag hulle struktuur, moet by die Padongelukkefonds registreer.

2.7 Herskedulering word slegs vir passasiersvervoer gebruik.

2.8 ’n Spoedbeperkingsbord word aan die agterkant, bokant die waarskuwingsbord aangebring wanneer ’n voertuig tot 60 km/h of minder beperk word.

2.9 Gevaarlike goedere kan besering en dood veroorsaak en ernstige skade aan eiendom en die omgewing aanrig.

2.10 Ander bedrywe is afhanklik van die vervoerbedryf om toegang tot arbeid te verseker.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Eenvoudigste vorm van besigheid wat min insette nodig het om aan die gang te kry	A	ongelaaide gewig
3.2	Persoon wat gevaarlike goedere ontvang volgens Regulasie 274(1)	B	ashoogte
3.3	Grafiek wat prente of simbole gebruik om data te verteenwoordig	C	alleenhandelaar
3.4	Gewig van voertuig sonder passasiers of goedere	D	bytmiddels
3.5	Ruimte tussen basis van voertuig se band en onderkant van bakwerk	E	ontvanger
3.6	Suur- en bytstowwe in vloeistof- of soliede vorm wat ’n stof wegvreet en lewende weefsel beskadig	F	toksisiteit
3.7	Afstand wat goedere buite die rant van ’n voertuig of sleepwa mag uitsteek	G	vaste koste
3.8	Vlak van gif in dwelmmiddels	H	piktogram
3.9	Kostes wat die maatskappy aangaan terwyl dit nie enige goedere of dienste produseer nie	I	tydverwante koste
3.10	Kostes wat dieselfde bly ongeag die gebruik van ’n voertuig in vervoerbedryf	J	oorhang

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik VIER doeleindes van vervoerbestuur en -beplanning. (4 × 2) (8)

4.2 Noem SES verantwoordelikhede van ’n pakhuisbestuurder. (6 × 2) (12)

4.3 Die Hoofbestuurder van ’n vervoer- en logistieke maatskappy bestuur die Bedryfsafdeling, die Logistieke Afdeling en die Menslike Hulpbronafdeling. Die Bedryfsbestuurder hou toesig oor die Aanlegbestuurder. Die Logistieke Bestuurder hou toesig oor die Verspreidingsbestuurder en die Pakhuisbestuurder. Die Menslike Hulpbronbestuurder hou toesig oor ’n MH-spesialis.
Gebruik die bogenoemde inligting en teken ’n organogram vir die maatskappy. (9)

4.4 Verduidelik kortliks die verskil tussen die *Bedryfsfunksie* en die *Bedryfsbestuurder*. (5)

4.5 Gee TWEE primêre faktore om te oorweeg wanneer ’n vervoermodus gekies word. (2)

[36]

VRAAG 5

5.1 Beskryf DRIE maniere waarop tussengangers help met kostedoeltreffende verspreiding. (3 × 2) (6)

5.2 ’n Sekere verspreidingskanaal het net een tussenganger wat die kleinhandelaar is. Die vervaardiger verkoop aan die kleinhandelaar wat op sy beurt aan die kliënt verkoop. Teken ’n diagram om hierdie verspreidingskanaal aan te toon. (5)

5.3 Beskryf DRIE kenmerke van produkte wat die koste van vervoer daarvan kan affekteer. (3 × 2) (6)

[17]

VRAAG 6

Verwys na die prent hier onder en beantwoord die vrae.



6.1 Watter vervoermodus word in die prent hier bo gedemonstreer? (1)

6.2 Verskaf ’n definisie van *Abnormale vrag*. (4)

6.3 Beskryf VIER waarskuwingstekens wat op so 'n voertuig wat op 'n openbare pad bedryf word, vertoon moet word. (4 × 2) (8)

6.4 Stel VIER riglyne voor oor hoe om ongelukke te voorkom wanneer abnormale vragte opgelaai of afgelaai word. (4 × 2) (8)

6.5 Bespreek VYF stappe wat gebruik word om die impak van risiko's in abnormale vrag vervoer te beoordeel. (5 × 2) (10)

[31]

VRAAG 7

7.1 Noem enige VYF voorbeelde van noodtoerusting of beskermende uitrusting om gevaarlike goedere te vervoer. (5 × 1) (5)

7.2 Beskryf DRIE aksies wat verlang word wanneer stortings op 'n openbare pad skoongemaak word. (3 × 2) (6)

7.3 Gee VIER kenmerke van gevaarlike goedere. (4 × 1) (4)

7.4 Beskryf DRIE verantwoordelikhede van die afsender om te verseker dat gevaarlike goedere veilig vervoer word. (3 × 2) (6)

7.5 Verduidelik die prosedure vir rapportering van padongelukke en stortings. (3 × 2) (6)

7.6 Bespreek hoe om risiko's geassosieer met die vervoer van gevaarlike goedere op 'n openbare pad te minimeer onder die volgende opskrifte:

7.6.1 Identifikasie van gevaarlike goedere

7.6.2 Verpakking

7.6.3 Vervoer

(3 × 3) (9)

[36]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou